Die Christelike Vrou

Julie 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

My stadige gewrigte

Ek het alwéér geval. En alwéér by die werk. Dus nou al die hoeveelste besering-aan-diens-vorms wat ek moes invul. Gelukkig het ek, behalwe 'n stywe nek en arms, darem seker nie enige ernstige beserings opgedoen nie.

Die eerste keer toe ek by die werk geval het, het ek by 'n 10 cm-trappie afgeval aan die anderkant van 'n deur waar ek wou ingaan. Ek het nie geweet daar is 'n trappie nie. Die val was so erg dat my voet permanente skade gekry het. My kollegas moes die ambulans laat kom om my hospitaal toe te neem. Nou, ek is 'n vrou van behoorlike proporsies en die twee outjies van die ambulans was maar skraal. Hulle het dus nogal gestoei om my op die draagbaar en later weer in die ambulans gelig te kry, maar hulle het dit wel gedoen.

'n Ander keer moes ek gaan foto's neem van die een of ander diensleweringsaksie en ek het bo-oor 'n groot pyp geklim. Omdat my voete en bene sedert my motorongeluk van jare gelede en ook die eerste val by die werk deesdae stadig en moeilik reageer, het my voet met die oorklimproses vasgehaak en het ek vooroor op die pyp geval – gelukkig nie afgeval nie! Natuurlik was die werkers gou daar om te help.

Hierdie week was ek en my kollegas in die parkeerterrein op pad huis toe, toe my een been weer te stadig reageer en ek met sakke en al neerslaan op die teer. Voor ek nog kon probeer om op te staan, was daar 'n handvol sterk, gespierde manne rondom my wat bekommerd verneem het na my welstand. Gewoonlik is dit 'n vreeslike gesukkel vir my om op te staan na so 'n val, maar hierdie keer het dit baie maklik gegaan. Ek het nie eens nodig gehad om hande-viervoet te gaan staan om myself op te stoot nie – die manne het eenvoudig saamgespan en my opgetrek. Dit was die maklikste opstaan na 'n val nog ooit wat ek kan onthou. En dit ten spyte van my proporsies wat in die laaste paar jaar nogal 'n bietjie aangegroei het...

***

Wanneer ek elke maand se uitgawe afhandel, skryf ek altyd die redaksionele artikel laaste. Ek loop soms lank en dink aan wat ek moet skryf. Hierdie keer was dit maklik. Ek het dadelik aan die NHSV se tema vir vanjaar gedink: *Al het ek geval, ek staan weer op*... (Miga 7: 8). Ek wil beslis nou nie die Here gelyk stel aan mense nie, maar net soos wat al daardie sterk manne my hierdie week so maklik op my voete gehelp het, is die Here ook altyd daar om ons op te help wanneer ons val. Ek sal nie weer kla as ek (letterlik) val nie, want dit sal my elke keer herinner aan die Vader wat my telkens ophelp.

Hannelie

SP Engelbrecht-museum

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Hierdie maand plaas ons weer een van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Verlede keer het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van hierdie reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Die reeks is mooi geraam en word op strategiese plekke in die Museumuitstalling vertoon. Besoekers kan dit rustig daar gaan lees. Die idee is ook om dit as 'n gedrukte of elektroniese pamflet te verkoop om tuis te gaan lees. Ons sal dit waardeer as iemand die Museum met so 'n projek kan help. Die pamflette/plakkate is reeds digitaal gereed, maar fondse sal nodig wees om sommer swart-wit pamflette te druk, want daar is besoekers wat in-die-hand-papier verkies.

Die reeks is eintlik nog nooit afgesluit nie. Daar is meer temas wat ook nog aandag moet kry, byvoorbeeld sendingwerk. Opdatering van bestaande plakkate (veral oor die NHSV, diakens en barmhartigheidswerk, Bybelvertaling en dies meer) het ook nou wenslik geword. Buiten die geraamdes in die Museum, is daar ongelukkig geen voorraad meer nie. Met verloop van tyd sal ons poog om al die plakkate hier te publiseer.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

PREDIKANTE
in die Hervormde Kerk

In die 19de eeu was daar min predikante om die pioniers wat hulle in die binneland gevestig het, pastoraal te versorg. Tussen 1853 en 1899 was daar slegs 16 predikante wat die lidmate van die Kerk vir 'n korter of langer tydperk bedien het. Teen 1903 was daar 3 predikante om 19 gemeentes in Transvaal te versorg. Teen 1918 het dit aangegroei tot 14 predikante vir 35 gemeentes.

Predikante se werk is bemoeilik deur die gebrek aan paaie en infrastruktuur, armoede, oorloë, die rebellie, die groot griepepidemie, die depressie van die dertigerjare en verstedeliking. Hierdie klein getal predikante het dikwels ver gereis om lidmate te besoek. Hulle het mense te midde van groot armoede en swaarkry met die Woord van God getroos en gelei.

Tot in die twintigerjare was die meeste predikante nog Nederlanders van geboorte. In 1917 het die Kerk deel gehad aan die oprigting van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, en so begin om vir die eerste keer predikante plaaslik op te lei. Eers in die 1980's was daar vir elke standplaas 'n predikant beskikbaar.

Predikante het oor die jare ook buite gemeenteverband kosbare diens verrig, en meegehelp dat 'n Christelike lewensbeskouing die grondslag van die onderwys en kultuurlewe vorm. Predikante het die leiding geneem om kerklike publikasies te vestig en die Nederduitsch Hervormde Weeshuis op te rig.

Tydens die laaste helfte van die 20ste eeu het groter lidmaattalle en finansiële voorspoed die Kerk in staat gestel om sinodale predikantstandplase te skep vir evangelisasie, studentebearbeiding, hospitaalbearbeiding en 'n uitgewery vir die Kerk.

Teen 1999 het die Kerk oor die dienste van 377 predikante beskik om 324 gemeentes in Suid-Afrika te bedien en die Woord van God in 'n nuwe millennium te verkondig.

NHSV Swellendam-streekbyeenkoms

NHSV Swellendam-streekbyeenkoms

18 Mei 2024 by Gemeente Outeniqua **Marina Nortjé**

Foto's links: Bo is Swellendamstreek se Bestuur: Nadine Janse van Rensburg (sekretaris), Adél Dreyer (visevoorsiter), Marina Nortjé (voorsitter). Op die tweede foto van bo af staan Karin Steenekamp, wat namens die Dagbestuur van die NHSV die streekbyeenkoms bygewoon het, by Marina Nortjé.

Hoe staan ek op nadat ek geval het?
(Dr Chris Venter, sielkundige, Stilbaai)

Ons leef in 'n gebroke wêreld en dit is "normaal" om soms te struikel of selfs te val. As dit gebeur, onttrek 'n mens jou aan die lewe en kan jy verval in 'n depressie of 'n angstoestand. Dit is belangrik dat persone in jou omgewing jou moet help om weer betrokke te raak by die alledaagse lewe. Jou gesin, vriende, kerkmense, werkkollegas en, indien nodig, selfs professionele persone, moet jou daarin bystaan.

Jy moet jou onttrekking en dwalende gedagtes – oor die verlede of die toekoms – staak deur te fokus op elke dag. 'n Streng daaglikse roetine waarbinne talle kleiner take/aktiwiteite gedoen word, moet gevolg word, byvoorbeeld: Gaan stap 'n entjie; bel 'n vriendin/familielid; gaan drink 'n koppie tee by iemand; luister na musiek; kyk na 'n televisieprogram; begin weer met 'n stokperdjie wat jy vroeër beoefen het. Te midde van die swaarkry, moet jy dink aan hoe die Here jou in die verlede gedra het deur moeilike tye, en moet jy Hom vertrou om dit weer te doen.

Annalie Praekelt (orrelis) het vir ons die volgende orrelwerke uitgevoer:

- *Halleluja! God Almagtig regeer!* (GF Handel)
- *Prayer for Peace* (Paul Fey)
- *Trumpet Voluntary* (Paul Fey)

Huwelikskloke lui (weer) by AMOT

Huweliksklokke lui (weer) by AMOT

Daleen Gouws

14 Mei 2024

(Nuus uit Ons Tuis AMOT)

Hans Boucher (80) en Annemarie Boucher (76) het Saterdag 11 Mei voor getuies en ons Hemelse Vader trou aan mekaar beloof.

Die egpaar se huweliksbevestiging het by Ons Tuis AMOT plaasgevind. Altesaam 35 familielede het die seremonie, behartig deur ds Jannie Vosloo, bygewoon. Hoeveel vriende by die geleentheid was, weet hulle nie. *Die hele saal was sommer vol!* vertel Annemarie.

Die twee se liefde blom al vir twee jaar. Hans het op 'n dag in 2022 na Annemarie se televisie by haar woning by Ons Tuis AMOT gaan kyk. *Ons het so gestaan en na my eerste troue se foto's gekyk toe hy sy hand op my skouer sit. Hy het vir my gesê dat hy geweet het dat ek soos 'n prinses gelyk het. En van daar af was dit verby,* vertel sy. Hulle was sedert daardie dag 'n paartjie.

Annemarie vertel verlief dat sy nooit die dag op 21 Junie 2022 sal vergeet nie. *Ons het alleen by die teetrollie gestaan. Hy sit toe sy arms op my skouers en soen my…*

Die egpaar het saam met Annemarie se enigste seun van vier kinders gaan uiteet toe Hans haar seun gevra het of hy maar met sy ma mag trou. *My seun was so bly dat ek nou weer iemand gekry het om my lewe mee te deel. Hy het geweet dat ek soms 'n bietjie eensaam raak.*

Hans is oorspronklik van Sasolburg waar sy pa vir die spoorweë gewerk het. Annemarie het op 'n plaas tussen Hoopstad en Bultfontein grootgeword. *Ek is 'n plaasmeisie en toe trou ek met 'n plaasboer ook!*

Die Boucher-egpaar gaan verder by AMOT woon.

Stokperdjie-uitstalling in Gemeente Worcester

It is the Muses
who have caused me
to be honoured: they
taught me the craft
(Sappho)

Dog Chef
1
2 3
4 5 6
7 8 9 10
12 13 14
18
24

Stokperdjie-uitstalling in Gemeente Worcester

Selna van Staden

Ons het, soos vele gemeentes, 'n stokperdjie-uitstalling gereël. Die gedagte was 'n interaktiewe geleentheid waar besoekers met uitstallers kon gesels oor hul passie en emosionele welstand. Dit het vir almal groot plesier verskaf. Soos Kahlil Gibran in *Die Profee*t dit stel: ... aan beide is die gee en die ontvang van plesier 'n behoefte en 'n verrukking.

Die dag het begin met twee sprekers wat gepraat het oor die waarde van 'n stokperdjie en wat van belang is as my stokperdjie groei tot 'n besigheid.

'n Siggestremde persoon (Frederick Liebenberg), wat verskeie skaaktoernooie gewen en vele toekennings ontvang het, het verduidelik hoe hy teen siende opponente meeding.

Jacobus Kloppers, een van die gemeente se ouderlinge en skrywer van 'n aantal bydraes in *Die Christelike Vrou*, het 'n intense belangstelling in nuuswaardighede. Deur die jare het hy artikels geïdentifiseer en laat bind. Dit het vele opmerkings van *onthou jy nog* uitgelok. Die jonger geslag het die advertensies interessant én amusant gevind.

Gerbie Liebenberg het grootgeword in Namibië en het besoekers met hartstog en nostalgie bekendgestel aan die skoonheid van die land.

Die handwerk van die dames was so mooi en perfek dat dit 'n mens uitlok om self te probeer.

Daar is ywerig vetkoek en pannekoek gebak. Kinders en kleinkinders is ingespan met *vandag werk ons almal vir die Hervormde Kerk*. Dit het my laat dink aan hierdie gedig:

Duskant

God het elke mens uniek gemaak

en iedereen getaak

om in die tyd ons toegesê,

hier ons allerbeste te belê

(Fragmente: Piet van Staden)

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Marina Nortjé, ds Carel Johann de Bruin, Daleen Gouws, Selna van Staden
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

www.nhsv.org.za	***Posbus 111, Worcester 6849***	*diechristelikevrou@gmail.com*
diechristelike	*Christelike Vrou*	***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.